***Bo:*** *Breakfast Included het die gaste met op en wakker jazz vermaak terwyl Tonya en Francois se amptelike foto's geneem is.*
***Regs:*** *'n Eksotiese "skemerkelkies-langs-die-see" atmosfeer is geskep deur aarbei-daiquiries voor die seremonie te bedien.*

"En voor wag die man waarmee ek die res van my lewe gaan deurbring – en ek weet vir seker ek het die regte keuse gemaak."

# Tonya & Francois van Schalkwyk

## 25 NOVEMBER 2006

### DIE ROMANSE

Tonya het agt jaar gelede by 'n vriendin in Pretoria gaan kuier en Francois deur dié se vriend ontmoet. (Die twee paartjies woon nou 'n paar blokke van mekaar af in dieselfde kompleks.) Terwyl Tonya en Francois in Mauritius vakansie gehou het, sou hulle die eerste aand hul eerste herdenking en die feit dat Tonya bedank het uit die werk wat sy gehaat het, gevier het. Toe Francois verby die hotel se restaurant hou en vir die mooiste en duurste een by die vakansie-oord mik, het sy snuf in die neus begin kry. Daar gekom, was hul tafel met roosblare bestrooi en het 'n koue bottel sjampanje op hulle gewag. Maar Francois het bly voorgee dat hulle haar werkloosheid vier. "Eers later die aand het hy skielik op sy knieë langs my gaan staan. Deur my trane en oorverdowende hartklop het ek gehoor, 'Sal jy asseblief my vrou wees?' Die res van die aand was 'n 'blur'."

***Regs en links onder:*** *Die kleurskema van die gastehuis en die see en sand – donkerbeige, ligblou en bruin – het die tema en kleure van die onthaal bepaal.* ***Regs onder:*** *'n Ry netjies opgerolde pasjminas het op die vrouegaste gewag.*

## DIE TROUE

**BEPLANNER:** Alles is deur Wedding Concepts (☎ 021 426 5783, www.weddingconcepts.co.za) gereël. "Hulle was fantasties. Hulle was self daar op die dag om alles te beheer. Ons moes net opdaag en lekker kuier. Ek sal beslis enigiemand aanraai om 'n bruilofbeplanner te huur."
**LOKAAL:** Kelp Cottage (☎ 021 447 1902, www.amazingspaces.co.za) was perfek, sê Tonya. "Ons is al twee baie lief vir die see en het van die begin af van 'n strandtroue gedroom."
**TROUROK:** Die kleur en styl was Tonya se keuse. Sy het vir Elria Minnaar van Chamber of Couture (☎ 082 924 9702) 'n top en romp wat sy gehad het, gewys en Elria het die rok daarvolgens gemaak.
**FOTOGRAFIE EN GRIMERING:** Freda Elliot Wilson (☎ 083 482 6249, www.ishootpeople.co.za)
**HARE:** Yolande Buitendag (☎ 082 823 5371)
**SPYSENIERING:** Omdat die paartjie 'n informele dag wou hê, het Salt & Pepper Catering (☎ 021 949 8367, www.saltandpeppercatering.co.za) alles soos vingerkos in bakkies voorgesit. Kelners het met skinkborde rondgeloop en gaste bedien. Daar was onder meer Griekse lamsosaties, Sjinese eend-en-mangorolletjies en mieliekoekies as voorgereg. Die hoofgereg was 'n keuse van Morokkaanse lam-en-appelkoostagine, geroosterde forel en Thaise groenhoenderkerrie met gemmer en sitroengras. Nagereg was onder meer wit sjokolademousse in mandjies van brandewynrolletjies met grenadilla, tiramisu en suurlemoensmeer, en bloubessietertjies.
**TROUKOEK:** Kanya Hunt (☎ 082 375 5200)
**DEKOR:** Okasie (☎ 021 887 9904, www.okasie.co.za) het geluister toe Tonya sê hulle wil nie 'n tradisionele stywe troue hê nie. Tydens die diens het gaste gemaklik op banke, ottomans en dagbeddens gesit. Daarna is die sitplekke na mekaar toe gedraai terwyl die kos voorgesit is.
**BELIGTING:** Die regte beligting was belangrik vir Tonya en Francois en Something Different (☎ 072 231 3165) het "absoluut die ding gedoen" met stringe liggies, kolligte en kerse. "Die blou see en donker berg in die agtergrond en die golwe wat rustig op die strand breek, het my aan 'n toneel uit 'n romantiese liefdesdrama laat dink," sê Tonya.
**TENT**: Nomadik Tents (☎ 0860 626 243, www.nomadiktents.co.za) het gesorg vir die wit Bedoeïenetent.
**MUSIEK:** Breakfast Included (☎ 083 598 4125, www.breakfastincluded.co.za)
**KROEG:** Urban Tonic (☎ 021 706 0133. www.urbantonic.co.za)
**SKRYFBEHOEFTES:** Full Circle Studios (☎ 082 681 4500, www.fullcirclestudios.co.za)

***Links:*** *Die troukoek was individuele sjokolade-mousse-koekies met 'n skede donker sjokolade buite om en vars aarbeie bo-op.*